Die stadiums van MIV envigs

Die kliniese vordering van 'n MIV-geïnfekteerde persoon volg gewoonlik die volgende drie stadia, met elke stadium wat geleidelik in die volgende oorgaan:

Stadium een
Nadat 'n mens met die MIV virus geïnfekteer geraak het, sal hy/sy heel moontlik heeltemal gesond bly vir 'n lang tydperk. Hierdie 'gesonde' periode duur gewoonlik 'n gemiddelde tyd van sewe jaar, maar dit kan langer of korter wees. Gedurende hierdie tyd sal 'n werknemer nog normaal kan werk – selfs in 'n werk wat fisieke arbeid vereis.

Stadium twee
Na bykans sewe tot tien jaar sal die virus die liggaam se immuunstelsel genoegsaam afgebreek het om te veroorsaak dat die geïnfekteerde persoon vatbaar raak vir infeksie deur skadelike kieme in die lug, water en kos. Na die simptoomvrye eerste stadium, begin die persoon dan gewoonlik allerhande mediese probleme ondervind, byvoorbeeld veluitslae, swaminfeksies in die mond, moegheid en uitputting, geswolle limfkliere in die nek en armholtes, matige gewigsverlies en koors so dan en wan. Hierdie stadium beteken nog nie dat vigs begin het nie.

Stadium drie
Namate die liggaam se verdedigingsmeganismes afneem, word die opportunistiese siektes meer en hewiger. Dit sluit ook meer ernstige infeksies van die longe in wat lei tot:

- Longprobleme, veral tering
- Swaminfeksies van die mond en dermkanaal
- Diarree
- Grootskaalse gewigsverlies
- Swakheid
- Virale ooginfeksies, wat lei tot sigstoornisse
- Skaars vel- en bloedkankers
- Probleme wat gepaardgaan met infeksie en skade aan die brein en rugmurg wat hoofpyne, stuipe, geheue- en konsentrasieverlies, swak koördinasie en selfs persoonlikheidsveranderinge veroorsaak.

Wanneer 'n persoon hierdie simptome ervaar, is dit die begin van vigs.

Namate hierdie laaste stadium vorder, ondervind baie mense wat vigs het, 'amper-dood krisisse'. Hulle gaan deur stadiums van ernstige siekte en naderende dood tot stadiums van herstel en selfs 'n hervatting van normale of bykans normale aktiwiteit. Na herhaalde siektes en gepaardgaande verswakking van die liggaam, gaan 'n persoon met vigs agteruit en sterf van infeksie, uiterste gewigsverlies en swakheid.

Bron:
Evian, C. 1991. *AIDS in the workplace in southern Africa*. Russel Friedman Books CC: Suid-Afrika.